



Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za



Arno Stofberg

Area: Wellington

T: 082 961 6108 / E: arno@laeveld.co.za

Gewasse: Tafeldruiwe, wyndruiwe en graan.

Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presiesdienste.

Arno Stofberg is in die pragtige dorp, Montagu, in die Klein-Karoo gebore. Hy het al op twaalfjarige ouderdom elke Desember-skoolvakansie op 'n tafeldruiweplaas gewerk en sy liefde vir die boerderybedryf het sedertdien gegroei.

Hy het aan Hoër Landbouskool Boland in die Paarl gematrikuleer, waar hy sy passie vir die landboubedryf kon uitleef. Hy het ook rugby en krieket gespeel, en was vanaf standerd 6 'n lid van sy skool se eerste krieketspan.

Dié Bolander is getroud met Nicolene Stofberg, sy skoolleefde wat hy in standerd 8 ontmoet het. Die gesin het na al die wonderlike jare saam uitgebrei en hulle is geseënd om twee dogters te hê, naamlik Isabelle en Lisa. Arno en sy gesin bly in die Paarl, en hy spog daarmee dat sy drie "dames" sy hele wêreld is.

Arno het meer as 14 jaar se ondervinding in die tafeldruiwebedryf, waarvan hy die eerste twee jaar by Broodkraal Landgoed naby Piketberg as Assistent-produksiebestuurder en die laaste twaalf jaar by Hoekstra Fruit Farms naby die Paarl by sy mentor, oom At Hoekstra, as Produksiebestuurder van Nancy en Goedemoed-plaas gewerk het.

Hy het sy CropLife-kwalifikasie verwerf, met die doel om aan boere 'n beter diens te verskaf. Sy mikpunt is om boere te ondersteun om volhoubaar te boer in gebiede soos die Paarl, Wellington, Riebeeck-Wes en Malmesbury. Graan, tafel- en wyndruiwe is sy grootste passies.

Arno beskryf homself as iemand wat altyd mense om hom moet hê, so sy ontspanningstyd is saam met sy vriende en gesin, verkieslik om 'n vuur. Hy hou daarvan om musiek te maak, musiek te skryf en kitaar te speel. Verder is hy ook versot op reis en om plekke te sien waar hy nog nie was nie.

Dis vir hom lekker om met mense te gesels wat groot kundigheid oor die landboubedryf en spesifieke gewasse het, want hy glo dis nie teen die wet om in die lewe met jou oë en ore te "steel" nie.

Met behulp van Laeveld Agrochem se span kundiges en Agri Technovation se MYFARMWEB™ kan hy 'n groot rol speel in presisieboerdery sodat boere meer ingelig is oor wat hul gewasse PRESIES nodig het en nie hoef te raai nie. Hy glo om suksesvol met enigiets in die lewe te wees, móét daar 'n balans wees – ook in die boerderybedryf. Nog iets waarin hy glo, is dat jy die grootste geveg reeds gewen het as jou grond gesond is.

Volgens Arno het talle faktore dit die afgelope jare moeiliker gemaak om te boer, soos kostes en buitelandse uitvoermarkte. Hy meen dit veroorsaak dat 'n mens vandag nie anders kan as om eers te meet, te weet en dan toe te pas nie. Hy is 'n groot voorstander daarvan om sover as moontlik meer biologies te boer, sodat meer omgewingsvriendelik geboer kan word (waarvoor Laeveld Agrochem 'n reeks produkte het). Hy meen hy doen alleenlik sy werk reg as sy kliënte se kinders ook nog verder kan aanhou om volhoubaar te boer.

In die 14 jaar wat hy self met tafeldruiwe geboer het, bly een sin by hom vassteek waarvolgens hy in die boerderybedryf leef: "n Boer se voetspore in die lande is kompos vir die plante."

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.